



GRAAD 10 PROEFVRAESTEL  
2006

AFRIKAANS HUIS TAAL: VRAESTEL II  
LEESVRAESTEL – LU'e 3 & 4

**MEMORANDUM**

Tyd: 2 uur

80 punte

---

**LET WEL:**

Dis belangrik dat hierdie memorandum dikwels net voorstelle maak en dat die leerder se antwoorde en insig in ag geneem moet word.

---

**Vraag 1**

## 1.1

1.1.1 Dis die hedendaagse afkorting vir 'n vrou en die meervoud (mee.)  
Voorheen, mej. of mev. (1)

1.2.1 Voorheen is mej. en mev. gebruik om te onderskei op grond van  
huwelikstatus. Dié status was nie altyd bekend nie en alle mans was  
eenvoudig, mnr. Daar is dus sprake van vooroordeel op grond van geslag  
en sosiale status teen vroue. (2)

1.2 Ja, Swartmens verwys na die kultuurgroep van swartmense in Soweto.  
Swart mens beteken bloot iemand wat die kleur swart het, om watter rede ookal. (2)

1.3 Miskien, Ja. Dit verleen aan die gebeure en persone 'n gevoel dat hulle werklik  
bestaan en persoonlike menings oor sake het. (of so iets) (2)

## 1.4

1.4.1 Die makers van die handwerk is reeds bekend. Wat nou belangrik is, is  
eerder wat hulle maak en hoekom hulle dit maak. Die Lydende Vorm  
stel hierdie sake op die voorgrond. (2)

1.4.2 Op 'n ander tafel stal hulle van skoene tot kussingslope uit.  
of  
Die vroue verkoop die handwerk van die vroue-tak in hul eie woonbuurt  
en by groter ATKV- byeenskomste. (1)

1.5 Ter wille van uitspraak. Laerskool kan op geen ander manier uitgespreek word  
nie. Hoërskool, daarenteen, het die deelteken nodig vir uitspraak en betekenis. (2)

1.6 Tuiswerk verwys na werk wat eintlik êrens anders gedoen word maar by die huis  
voortgesit word, soos skoolwerk. Huiswerk is eerder werk wat te doen het met  
die huishouding, soos skottelgoedwas. (2)

1.7 Miskien: Die idee dat swartmense nie tuishoort in Afrikaanse verenigings nie en  
ook nie Afrikaans kan bevorder nie, is onsin. Verder die idee dat hierdie vroue  
juis uitreik na ander deur 'n Afrikaanse organisasie, ten spyte van 'n moeilike  
“apartheidsverlede”. Hulle moet is prysenswaardig. Wit en swart het mekaar  
nodig en kan vriende word en respek vir mekaar betoon. Wanneer mense dit lees,  
sal hulle anders voel oor hul swart mede- Suid-Afrikaners. (3)

<b>15 punte</b>
-----------------

**VRAAG 2      Advertensie – Groet die Grotman**

- 2.1      Alliterasie. (1)
- 2.2      Kan “hallo” of “totsiens” beteken. (2)
- 2.3      Op die oog af, nee. Volgens die Engels moet dit een of ander woord hêwat dui op verdediging van die Grotman./Groet kan egter dui op “gee erkenning aan” of “neem kennis van” en dan sou dit miskien kon pas. ( Let op die leerder se mening.) (2)
- 2.4      Die grotman met spies en lendekleed kom duidelik uit 'n ander era as die televisie en die leunstoel. Dit pas nie. Ook is hy skoongeskeer met kort hare en dit pas ook nie die milieu van 'n grotbewoner van toeka nie. Die leser verwag dus dat heelwat ironie ter sprake gaan kom. (2)
- 2.5      Eie mening, gemotiveerd. Voorbeeld: Dit lyk amper of vroue tweede beste gaan afkom. Mans sal waarskynlik lag terwyl op spottende wyse na die vrou se posisie in die huis en samelewing verwys gaan word/aan die anderkant kan ook met die mans gespot word wat verward is oor wat hulle moet doen met 'n moderne leefwyse terwyl hulself nog aan vroeër waardes vasklou. (2)
- 2.6      Solo stuk. Net een akteur. (1)

<b>10 punte</b>
-----------------

**VRAAG 3      Resensie van musiekfees**

Gebruik die metingskaal om die resensie te assesser en te bepunt. Maak seker dat dit soos 'n resensie lees en dat die kriteria nagekom is. Dit is belangrik om na die foto's as inligtingsbronne te verwys. Taal, vorm en styl is verder belangrik.

<b>20 punte</b>
-----------------

(Die metingskaal is opsioneel indien u 'n ander rubriek wil gebruik. Op hierdie skaal werk die punt uit op 35 en moet dit net verwerk word tot 20)

**VRAAG 4      Spelplan vir Trots Suid-Afrikaanse week**

- 4.1      Sien die skryfstuk volgens die rubriek na. Die kriteria word links aangedui soos vervat in die opdrag. 'n Sewevlak-rubriek met punte aangedui, toon 30 punte. Die leerders moet toon dat hulle die breinkaart se idees gevolg het. Hulle hoef egter nie almal te gebruik nie. Ook die idee van 'n WEEK se aktiwiteite moet na vore kom.

<b>30 punte</b>
-----------------

- 4.2      Die slotparagraaf se redigering word soos volg nagesien: ('n halfpunt per korreksie word toegeken.)

Die plan soos uiteengesit, (let op die komma) sal 'n reuse sukses wees. Volwassenes en kinders sal dit geniet. Daar sal oorgenoeg wees om te eet en te doen. Meer inligting oor die geleentheid sal beskikbaar wees op die webwerf/webblad/webtuiste (ensovoorts) wat ons gaan skep. Ons beplan ook om 'n eg Suid-Afrikaanse musiekgroep te betrek. Hul identiteit bly egter 'n geheim tot hul aankoms/optrede/verskyning. Die week is ons s'n!

(5)

<b>35 punte</b>
-----------------

(Ook hierdie rubriek sal u dalk wil vervang met een van u eie)